Scientia Militaria, South African Journal of Military Studies, Vol 8, Nr 4, 1978. http://scientiamilitaria.journals.ac.za

# DIE GEALLIEERDE BESETTING VAN MADAGASKAR IN 1942 (DEEL5)

**Kapt J. E. H. Grobler**

**This article resumes the description of the role of the South African Air Force in Madagascar in 1942. It covers the whole of the final phase of the campaign, from the launching of Operation Stream-Line-Jane to the second half of November, when the aeroplanes left the island. That period witnessed the total elimination of the French air power, and was the only period during which air support for the ground formations was asked for and given.**
**The second part of the article deals with medical aspects of the campaign. The tropical climate of the largest part of the island as well as the high prevalence of disease amongst the dense native population, worked in favour of the easy spread of disease amongst the occupying forces. Nevertheless the medical units managed to keep down the disease rate. A statistical table of hospitalized cases is given.**
**Lastly the handing over of the administration to De Gaulle's Free French Movement is discussed. Thus the article series ends with Madagascar again a French colony, but this time as a strategic base of the Allies, as compared to the strategic threat which it had been when the administration was still in Vichy hands. The six-month campaign was a success, and served, in 1942, as one of the first indicators that the tide of Axis successes had been turned.**

## Die lugoffensief, September—November 1942

In die tweede deel van hierdie artikelreeks is die rol van die Suid-Afrikaanse Lugmag in Madagaskar tot op die vooraand van die hervatting van operasies in September 1942 in besonderhede behandel. Daarin is aangetoon dat die Suid-Afrikaanse lugkontingent vanaf 1 September as geheel bekend gestaan het as 16 Ligtebomeskader.[1] Daardie eskader weer, het deel uitgemaak van 'n groter Geallieerde lugkomponent op Madagaskar, wat onder die operasionele bevel van 'n Suid-Afrikaanse offisier (en latere Kommandant-Generaal van die Suid-Afrikaanse Weermag), kolonel S.A. Melville, gedien het. Die hele lugkomponent, met spesifieke klem op 16 Ligtebomeskader se aandeel in die Madagaskar-veldtog vanaf September 1942, word vervolgens bespreek.

Die opdrag vir die besetting van die hele eiland Madagaskar deur middel van die krygsoperasies *Stream, Line, Jane, Esme* en *Tanger* is op 18 Augustus 1942 uitgereik. Ingevolge daarvan sou die volgende lugeenhede gebruik word:

16 Eskader, Suid-Afrikaanse Lugmag
*209 Squadron, Royal Air Force*
*1433 Flight, Royal Air Force*
Die vliegtuie van 'n vliegdekskip.

16 Eskader, wat oor skaars vyf Marylands en sewe Beauforts beskik het, het daadwerklik bygedra tot voorbereidings vir *Operation Stream-Line-Jane.* Daar was byvoorbeeld min betroubare topografiese kaarte van Madagaskar beskikbaar. Gedurende Augustus is daar dus talle fotoverkenningsvlugte in die suide uitgevoer. 'n Fotoreeks van die hele roete tussen Diego Suarez en Majunga is geneem, sowel as 'n vyfhonderd vierkante kilometer fotomosaiek van die Majunga-gebied, wat Geallieerde kartograwe in staat gestel het om betroubare kaarte te teken waarop die finale beplanning vir die landing daar gebasseer is. Tamatave is ook afgeneem en so is ook bygedra tot die suksesvolle landing daar. Aangesien die vliegtuie ter ondersteuning van die grondformasies aangewend sou word, is die bemannings geleentheid gebied om aan bomoefeninge deel te neem.

Ten tyde van die aanvang van *Operation Stream-Line-Jane* het die Franse na skatting oor slegs sewe vliegtuie beskik: vier Morane vegvliegtuie en drie Potez bomwerpers. Die grootste probleem waarmee die Franse gekonfonteer was, was egter nie 'n tekort aan vliegtuie nie, maar wel 'n tekort aan brandstof en ammunisie.

Daar is beplan om feitlik die hele lugkomponent op Madagaskar so spoedig moontlik na die besetting van Majunga na die lughawe daar te verskuif. Teen die einde van Augustus 1942 was 16 Eskader se toerusting dan ook ingepak en gereed vir verskeping na daardie hawe. Die grondpersoneel is op 3 September verskeep en het as Voorste Seepatrollie saam met die konvooi, na hul bestemming gevaar. Ingevolge beplanning moes die Voorste Seepatrollie so gou moontlik na die besetting van Majunga ontskeep word om die lughawe vir die landing van die eerste vliegtuie in gereedheid te bring. Vertragings het egter voorgekom met die gevolg dat die eerste vliegtuie al op die aanloopbaan gestaan het voordat die Voorste Seepatrollie ontskeep is. Dit dien vermeld te word dat die vliegtuie weens

1. *Militaria* 8/1, p 53. Hierdie hele artikelreeks is grotendeels gebaseer op dokumente in die SAW-Argief. Suid-Afrikaanse argiefregulasies bepaal dat daar nie in voetnote na amptelike dokumente jonger as 50 jaar verwys mag word nie.

'n misverstand deur die hoofkwartier van die Britse *29 Brigade* ontbied is, en dat hulle almal sonder voorval by Majunga geland het. Tog het dit byna katastrofiese gevolge gehad, want die gras op die aanloopbaan is toe nie afgebrand nie. Op 14 September het daar 'n veldbrand ontstaan waarin twintigduisend liter petrol en 'n hoeveelheid olie vernietig is en 'n Fulmar-vliegtuig beskadig is. Die vinnige optrede van die grondpersoneel het verdere skade voorkom.

*209 Squadron Royal Air Force* is, anders as wat in Augustus beplan is, nie tot die lugkomponent toegevoeg nie, maar vervang deur twee ander Britse vliegtuigeenhede, naamlik *795 and 796 Squadrons Fleet Air Arm*. Eersgenoemde het oor ses Fulmars en laasgenoemde oor ses Albacores beskik. *Flight 1433 Royal Air Force* is terselfdertyd onder operasionele beheer van die bevelvoerder van *22 Brigade* geplaas, om taktiese verkenning te doen en lugondersteuning aan grondformasies te gee. Daardie vlug het tot op 19 September die vliegveld by Majunga gebruik, maar van toe af tot 5 Oktober vanaf Marotsipoy geopereer. Die ander drie eenhede het hulle take vanaf die Majunga-vliegveld verrig. Melville het operasionele bevel oor hulle gevoer.

Vir die Suid-Afrikaanse lugmagkontingent was die tydperk vanaf 10 September (die aanvangsdatum van *Operation Stream-Line-Jane)* tot die oorgawe van Annet in November beslis die interressantste fase van die hele Madagaskarveldtog. Die vlieëniers moes toe skielik, in teenstelling met hulle vroeëre verkenningstake alleen, ook bom- en skeeraanvalle op brûe, militêre transport en vliegvelde doen. Daar was slegs een belangrike beperkende faktor wat hul optrede beïnvloed het: die algemene vliegbeleid was dat die veldtog nie belangrik genoeg was om die risiko van verlies aan vliegtuie of bemanning te loop deur in slegte weer af op te lae hoogtes te vlieg nie.

Die identifikasie van eie troepe uit die lug is gedoen deurdat die voorste troepe rooi sambrele oopgevou het, en dit het uitstekend gewerk. Brigades en bataljon-hoofkwartiere is identifiseer deur tweeletter kodeseine wat op die grond geplaas en meesal maklik sigbaar was. Nie-amptelik is berig dat die Geallieerde troepe op 17 September, toe 'n Franse Potez 63 oor hul gevlieg het, ook hul rooi sambrele oopgevou het. Die vyandelike vlieënier het wel nie reageer nie, maar dit kon maklik anders gewees het.

Die hele lugkomponent het in die tydperk 10 September tot met die inname van Tananarive op 23 September ses en sestig gevegsvlugte onderneem. Daarvan is sewentien deur 16 Eskader behartig. Die algemene take wat uitgevoer is was die byna daaglikse taktiese verkennigsvlugte ter ondersteuning van die grondmagte, rapportering van verdedigingsposisies, van die toestande van die paaie, van brûe wat vernietig of geblokkeer was, dan ook fotoverkenningsvlugte en die daaglikse duikbootopsporingsvlugte.

Op 12 September het twee Maryland-vliegtuie die Ivato-lughawe naby Tananarive aangeval. Hewige lugafweervuur is ondervind. Albei vliegtuie is getref, en die waarnemer van een, luitenant P. Kleyn, is dodelik gewond deur splinters uit die vliegtuigmasjien. Die aanval is gedoen uit vergelding vir 'n bombardement deur 'n Franse Potez 63 op die Geallieerde troepe by die Betsibokabrug die vorige dag. Die Franse lugafweerstellings by Ivato was so goed versteek dat die Marylands dit nie kon opspoor nie; die Morane-vliegtuig op die aanloopbaan, wat deur masjiengeweervuur getref is, was waarskynlik 'n fopvliegtuig, en die loods wat getref is, was leeg. Die aanval was dus 'n mislukking. Bomme is nie gebruik nie, want daar is beplan dat Geallieerde vliegtuie na die besetting van die lughawe self van die vliegveld gebruik moes maak.

Op 16 September het 16 Eskader 'n Beaufort verloor toe dit tydens 'n landing op die Majungalughawe neergestort het. 'n Brigadier Ebsworth was een van die passasiers. Niemand is ernstig beseer nie, maar die vliegtuig was 'n algehele wrak. Dieselfde dag het goewerneur-generaal Annet oor Radio Tananarive aangekondig dat hy bereid was om oor vrede te onderhandel. As uitvloeisel daarvan het 16 Eskader 'n Maryland na Ivato-lughawe gestuur om Franse tussengangers te gaan haal en na Majunga te neem. Die vliegtuig is tydens die landing op Ivato effens beskadig. 'n Tweede Maryland is daarop gestuur. Die twee tussengangers was op 17 September in Majunga maar die vredespoging het misluk.

Met die vertrek uit Majunga terug na Ivato die volgende oggend het die bemanning van die Maryland 'n plan uitgedink om die twee Franse onder die indruk te bring dat die lugkomponent oor meer Hurricane-vegvliegtuie beskik het as wat werklik die geval was. Fulmars en Hurricanes het in die lug feitlik dieselfde gelyk. Kort na die Maryland opgestyg het, het twee Fulmars, wat toe al 'n halfuur in die lug was, dit 'aangeval'. Majoor Meaker, die vlieënier van die Maryland met die Franse aan boord, het gewag vir die spanning om breekpunt te

bereik en toe aan die lugkannonnier by die kanonne geskree: 'Hurricanes, friendly'. Dié het onmiddellik geantwoord 'Hurricanes, Sir'. 'n Herkenningsflits is afgevuur en terwyl die Fulmars weggedraai het, het die Maryland ongestoord verder gevlieg. Die besoeke aan Ivato-lughawe is natuurlik vir verkenning benut.

Op 20 September het vier Suid-Afrikaanse vliegtuie 'n bombardement op die spoorlyn sowat agt kilometer suid van Tananarive uitgevoer. Die doel was om die Franse daarvan te weerhou om spoorwegtrokke uit die hoofstad te verwyder. Daar is egter nie in geslaag nie. Die poging is die volgende dag herhaal, maar weer sonder sukses.

Albacores en Beauforts is op 21 September gebruik om pamflette oor Tananarive af te gooi waarin die redes vir die Geallieerde besetting van Madagaskar kortliks uiteengesit is, en die inwoners versoek is om, ingeval van gevegte, binneshuis te bly. 'n Voorbeeld van so 'n pamflet, waarop die boodskappe aan die een kant in Frans en aan die ander kant in die plaaslike Malgassiese dialek gedruk is, word hierby vertoon.

# AUX SOLDATS DE MADAGASCAR

Désirez-vous que la lutte continue ? Désirez-vous être tué ou blessé ?

Chaque jour des vies Malgaches sont perdues parce que les Français ne veulent pas accepter de se rendre honorablement aux puissantes forces britanniques qui les cernent de plus en plus dans le sud de Madagascar.

Les soldats Malgaches déjà capturés par les Britanniques ont livré leurs fusils et sont rentrés chez eux. Les Britanniques ne les gardent pas prisonniers.

Vos parents et vos amis sont saufs. Ils sont restés en paix, jouissant de leur pleine liberté, et seront heureux de vous voir rentrer chez vous. ILS NE VEULENT PAS QUE VOUS CONTINUIEZ A VOUS BATTRE.

Quittez l'armée française dès maintenant et la lutte cessera. Rendez vous aux Britanniques qui vous enverront à Tananarive ou à quelque autre ville jusqu'à ce que les inscriptions soient faites, et vous serez libérés pour rejoindre vos familles.

# ky miaramila malagasy *an-tafika.*

Moa fanirianareo ve ny fitohizan' ny ady ?

Moa fanirianareo ve ny mba ho faty na maratra foana ?

Isan' andro tsy tapaka ny famonoana ny Malagasy satria ny Frantsay tsy mety miaiky amim-panajana izy fa efa resin' ny foloalindahy Englisy sady maro no mahery izay mandroso mianatsimo tsy mijanona.

Ireo miaramila Malagasy nosamborina dia efa namolotra ny basiny tamin' ny Englisy ka niverina ho any amin' ny fonenany avy. Dia tsy nanagadra azy ny Englisy.

Samy tsy maninona ny havana aman-tsakaizanareo daholo. Tsy misy ...ikasikasika aminy ka hahafaly azy indrindra ny hiverenanareo, ary ...ankasitrahany akory ny hanohizanareo ny ady.

I...OZY NY FOLOALINDAHY FRANTSAY DIA HIJANONA HO AZY ...Y ADY.

...anatona ny Englisy izay hitondra anareo aty Antananarivo na ...nkany amin' ny tanàna hafa mandra-panoratra ny anaranareo sy ny hanomezana fahafahana tanteraka anareo haingana mba hodianareo.

Op 23 September is Tananarive sowel as die Ivato-lughawe deur die langmagte beset. Laasgenoemde kon daarna deur die Geallieerde lugkomponent benut word. 'n *Royal Air Force*-vlug is dan ook die volgende dag na Ivato. Daar was sowat vyfhonderd Franse lugmagpersoneel, wat nog nie ontwapen was nie, op die lughawe, en hoewel daar net ses Britse offisiere en onderoffisiere was, het niks skeefgeloop nie. Op 3 Oktober is 16 Eskader ook self na die Ivato-vliegveld verplaas. Dit was vir die res van die duur van die veldtog hul basis.

Tussen 7 Oktober en 6 November was die lugkomponent, en veral 16 Eskader, eerstens gemoeid met fotoverkennings van Ihosy-lughawe ter voorbereiding van aanvalle waardeur die Franse lugmag op Madagaskar vir alle praktiese doeleindes uitgewis is; tweedens met die bombardering van vyandelike verdedigingsposisies wat natuurlik meegehelp het om die moreel van die Franse inboorlingtroepe te vernietig, derdens met skeeraanvalle op vyandelike posisies, voertuie en troepe wat besig was om terug te val; vierdens die afgooi van propagandabiljette; en vyfdens roetinetake soos strategiese verkenning, taktiese verkenning, fotoverkenning, padverkenning en kommunikasievlugte.

Aan die begin van Oktober het 'n Franse Morane vegvliegtuig en Potez 63 bomwerper aanvalle op die Geallieerde grondformasies uitgevoer. Op 7 en 8 Oktober het die lugkomponent dus uit vergelding offensiewe verkenningvlugte na al die lughawes nog in Franse hande gedoen. Daar is vermoed dat die oorblyfsels van die Franse lugmag of by Ihosy of by Fianarantsoa was. Beide lughawens is aangeval. Die eerste dag is nie veel sigbare sukses behaal nie. 'n Franse vliegtuig is in die lug teengekom, maar het ontkom. Die volgende dag was egter rampspoedig vir die Franse. Vier Potez bomwerpers en een Morane is by Ihosy opgemerk en in skeeraanvalle beskadig. Die Franse het die vliegtuie uit Ihosy verwyder, maar almal is uiteindelik vernietig.

Twee dae tevore, op 6 Oktober, is daar op grond van informasie wat deur Franse krygsgevangenes verskaf is, by 'n klein dorpie naby Tananarive beslag gelê op 'n versteekte, tweemotorige Goeland passasiersvliegtuig. Dit was in 'n goeie toestand en daar is met Melville as een van die passasiers met die vliegtuie na Ivato gevlieg.

Na die vernietiging van die Franse lugmag, kon die lugkomponent al sy aandag bestee aan ondersteuning van die grondtroepe. Suid van Antsirabe het die Franse by vier geleenthede ernstig weerstand gebied, maar die vlieëniers het hulle ongena-

diglik bombardeer en die hele gebied deeglik gefotografeer. So byvoorbeeld is twee Marylands op 15 Oktober gebruik om sestien 250 ponder bomme op die vyand agt kilometer suid van Ambositra af te gooi. Reënweer het natuurlik telkens die lugoperasies in die wiele gery.

In hul aanvalle op die Franse het die Geallieerde lugkomponent nie altyd totaal skotvry daarvan afgekom nie. Vyandelike lugafweervuur het by geleentheid 'n Fulmar na benede gedwing en die vlieënier en waarnemer is in Ambositra aangehou tot hulle op 17 Oktober bevry is. Die vyfde — en laaste — noodlottige ongeval wat die lugkomponent in die veldtog as geheel gely het, het ook in hierdie tydperk plaasgevind. Dit was tydens 'n lugaanval op 9 Oktober op die Antonjona-stellings, toe die boordskutter van 'n Britse Lysander noodlottig verwond is deur masjiengeweervuur van die grond af.

Vliegtuie is nie net vir die verkenning van vyandelike posisies aangewend nie. Teen 15 Oktober was die pad tussen Majunga en Tananarive steeds moeilik begaanbaar weens die feit dat die vernietigde brug oor die Betsibokarivier nie herstel kon word nie. Daar is selfs gesoek na ander plekke waar 'n tydelike brug opgerig kan word. 'n Beaufort, met twee offisiere van die Suid-Afrikaanse Geniekorps aan boord, het met die soektog na 'n geskikte plek gehelp, maar geen plek kon gevind word nie.

Op 3 November het *22 Brigade* versoek dat die telefoondraad tussen Ihosy en Tulear en tussen Ihosy en Ivohibe die volgende dag gesny moes word. Daardie versoek het onmiddellik tot 'n bespreking in die Eskader gelei, net soos die bespreking na die versoek op 14 Oktober om die telefoondraad tussen Ambositra en Fianarantsoa te verbreek. Die algemene gevoel was dat die snywerk deur niks minder as 'n salvo van twaalf veertigponder bomme gedoen kon word nie, en dat 'n enkele draad deur die vlerk van of 'n Albacore of 'n Fulmar gesny sou kon word.

Op 4 November is twee Albacores uitgestuur en een, die laaste gevegsvlug van die *Special Squadron Fleet Air Arm* tydens die veldtog in Madagaskar, het daarin geslaag om die telefoondraad tussen Ihosy en Ivohibe op twee plekke, vierhonderd meter uitmekaar, stukkend te skiet deur 'n akkurate bombardement met twee salvos van elk twaalf veertigponder bomme.

Die Suid-Afrikaanse Lugmag het in Madagaskar 'n totaal van vierhonderd en een krygsvlugte onderneem, waarvan sewe en sestig tussen 10 September en 5 November onderneem is. Ses Beauforts en een Maryland het, vandat die Unie verlaat is tot aan die einde van die veldtog, in die slag gebly. Daarvan is slegs een, die Maryland, toeskryfbaar aan vyandelike optrede. Die totale ongevalle was een waarnemer dood weens vyandelike vuur, een lugwerktuigkundige dood aan malaria en een lugwerktuigkundige dood in 'n ongeluk.

Op 5 November het kolonel S.A. Melville sy bevelsposisie oor die lugkomponent in Madagaskar oorgedra aan majoor D.E.D. Meaker, bevelvoerder van 16 Eskader, en met 'n Maryland oor Majunga na Nairobi vertrek, op pad terug na die Unie. Dit was op versoek van die Suid-Afrikaanse Hoof van die Generale Staf, wat reeds op 19 Oktober gevra het dat Melville na die Unie teruggestuur moes word omdat sy dienste dringend nodig was. Generaal Smallwood, die Bevelvoerende Generaal van *Islands Area,* waaronder Madagaskar resorteer het, het geantwoord dat die kolonel eers in November kon vertrek. Op 5 November is Melville dus na Nairobi, waar lugkommodoor Taylor, wat die oorhoofse bevelsposisie oor die lugkomponent in Madagaskar beklee het, baie verbaas was om hom te sien, want dit was die eerste woord wat Taylor self van Melville se onttrekking gehoor het.

Een van die laaste vlugte wat deur 16 Eskader op Madagaskar onderneem is, het op 13 November plaasgevind toe die Franse goewerneur-generaal, Monsieur Annet, en Madame Annet per Maryland van Ihosy na Tamatave geneem is. 'n Vurige argument het die vlug voorafgegaan, want die plaaslike Britse politieke offisier het gereken dat die agterste sitplek van 'n Maryland nie gemaklik of waardig genoeg was vir 'n oud-goewerneur-generaal en sy vrou nie. Telefoonoproepe na die Geallieerde hoofkwartier het gevolg, maar niks aan die saak verander nie. Die vlieënier het volgehou dat hy sy opdrag moes uitvoer. Die res van die eskader het naderhand in sterk taal hulle mening oor die bekwaamheid van die politieke offisier gelug, maar ten einde laas het die passasiers die vliegtuig bestyg om Tamatave sonder teenspoed te bereik.

Op 17 November is die Beauforts van 16 Eskader van Ivato na Nairobi in Kenya gevlieg. Die Marylands het die dag daarna gevolg. Die see is sonder voorval oorgesteek. Die honderd en twintig personeellede van 16 Eskader het egter op die eiland, in 'n kamp by Tamatave, gebly en eers op 19 Desember na Oos-Afrika vertrek. Van daar af is party van die manne terug na Suid-Afrika, terwyl die res na Kilifi is, waar 'n nuwe 16 Eskader gevorm is om in die Midde-Ooste te gaan veg.

**Mediese aspekte van die veldtog**

Die klimaat van die grootste gedeelte van Madagaskar is tropies, en daarom was 'n hoë persentasie van siektes daar van 'n tropiese en aansteeklike aard. Die algemeenste siektes onder die burgerlike bevolking ten tyde van die veldtog was malaria (meer as tweehonderd gevalle per duisend inwoners per jaar), pes, geslagsiekte (aangehelp deur die feit dat prostitute, wat in al die dorpies aangetref is, nie aan verpligte mediese ondersoeke onderwerp is nie), parasietiese velsiektes en bilharsia. Hierdie gesondheidsaspekte is deeglik in berekening gebring toe Suid-Afrikaanse soldate in Mei en Junie 1942 na die eiland gestuur is.

Binne minder as drie weke na hulle aankoms op Madagaskar, het sowat tien persent van die personeel van die Suid-Afrikaanse Lugmagkontingent malaria onder lede gehad. Op 3 Junie is daar selfs 'n radiotelegrafis, lugwerktuigkundige R.R.S. Ainslie, as gevolg van malaria oorlede en met volle militêre eerbewys in die Britse militêre begraafplaas by Antsirana begrawe. Hoewel die Britse troepe ook kwaai onder malaria deurgeloop het, is hul verliese toegeskryf aan optrede in moerasagtige gebiede, en het die Suid-Afrikaners gedink hulle het die malaria in Lindi opgedoen voor hul vertrek na Madagaskar. Die Hoof van die Generale Staf het die groot aantal malaria-gevalle egter aan nalatigheid toegeskryf.

In Brittanje was die *War Office* ook van mening dat grootskaalse nalatigheid bygedra het tot die malaria-probleem. Daarom is 'n senior mediese offisier, brigadier E.A. Sutton, gedurende Junie 1942 na Diego Suarez gestuur om ondersoek te gaan instel. Sy bevinding was dat die malariasyfers beslis hoog was, maar nie onverskoonbaar hoog nie. 'After all you cannot assault and take a place which is highly malarious without expecting to pay the penalty, nor can you break off operations while the troops put on mosquito boots, change into long trousers and sleeves and then carry on the battle each under a mosquito net! — in short you can't make omelettes without breaking eggs.' Hy het voorsien dat die voorkoms van malaria as gevolg van die tydelike beëindiging van operasies sou afneem, mits eenheidsdissipline natuurlik streng toegepas en voorsorgmaatreëls uitgevoer sou word. Dit sou dus, volgens Sutton, nodig wees om deeglike mediese voorbereidings te tref.

Die talle gevalle van malaria wat kort na die besetting van Diego Suarez aangemeld is, het in Suid-Afrika daartoe gelei dat 'n malariaoloog, majoor Ferguson, tot 7 Brigade toegewys is. Aangesien die *War Office* nie voldoende voorsiening vir mediese dienste vir die Geallieerde troepe op Madagaskar gemaak het nie, en daarop boonop gevrees is vir 'n epidemie soos dié wat telkens in die militêre verlede voorgekom het, byvoorbeeld gedurende die Krimoorlog, was daar selfs sprake van die stuur van 'n hele militêre hospitaal saam met 7 Brigade. Operasionele verpligtinge in die Westelike Woestyn het dit onmoontlik gemaak. Buitendien is daar 'n Britse militêre hospitaal in Antsirana ingerig. Die 19 Veldambulans, wat 7 Brigade vergesel het, is egter oorvloediglik toegerus om te kon sorg vir die brigade as geheel.

Toe 7 Brigade in Madagaskar aangekom het, was die malaria-probleem, wat die Suid-Afrikaanse Lugmagkontingent betref, feitlik iets van die verlede. Waar daar op 8 Junie drie offisiere en vier ander range met malaria in die hospitaal was, en twaalf offisiere en agt en twintig ander range besig was om na malaria-aanvalle aan te sterk, was daar teen 13 Julie slegs een ander rang met malaria in die hospitaal, en een ander een besig om aan te sterk.

Met hulle aankoms op Madagaskar aan die einde van Junie is daar streng Mediese Orders uitgereik wat deur lede van 7 Brigade gehoorsaam moes word. Eerstens wat voedsel betref is gestipuleer dat alle melk, vrugte en groente voor gebruik, gekook moes word en dat water gekook of chloreer moes word. Tweedens, as voorsorg teen bilharsia, was dit verbode om sonder uitdruklike toestemming te swem. Derdens is gewaarsku teen geslagsiekte en vierdens teen pessiekte — dooie rotte en ander diertjies moes verbrand word. Laastens was daar allerhande voorskrifte wat teen malaria gemik was. Wat kleredrag betref moes almal na sononder langbroeke met kamaste of stewels dra, asook langmouhemde met toegebinde krae. Almal moes onder muskietnette slaap. Tente, slaapplekke en voertuie moes elke aand bespuit en dan vir 'n ruk toegehou word, en so ook wagkamers wat met elke verandering van wagte bespuit moes word. Voorts moes kinien vir beperkte tye gebruik word slegs wanneer bogenoemde bepalings nie nagekom kon word nie.

Gedurende die vier en 'n half maande tydperk wat die altesaam 4 570 Suid-Afrikaners op Madagaskar deurgebring het, is 1 491 mediese gevalle deur 19 Veldambulans opgeneem vir behandeling. Dit verteenwoordig 'n opnamesyfer van 870 gevalle per duisend mense per jaar. 'n Ontleding van daardie opnames lyk as volg:

Totale opnames 25 Jun – 14 Nov 1942

| | Blank | Nie-blank | Totaal |
|---|---|---|---|
| Malaria | 301 | 286 | 587 |
| Geslagsiekte | 30 | 105 | 135 |
| Griep | 77 | 24 | 101 |
| Toevallige beserings | 46 | 51 | 97 |
| Asemhalingsprobleme | 21 | 37 | 58 |
| Disentrie en ingewand-ontsteking | 31 | 13 | 14 |
| Senusiektes | 17 | 22 | 39 |
| Ander aansteeklike siektes | 7 | 10 | 17 |
| Longtering | 4 | 3 | 7 |
| Bilharsia | 4 | 0 | 4 |
| Ander toestande | 218 | 171 | 389 |
| | 756 | 735 | 1 491 |

Gedurende die Oos-Afrika veldtog in 1941 was die opnamesyfers onder Unieverdedigingsmag-lede 850 per duisend per jaar. Die 870 per duisend in Madagaskar was dus nie skokkend hoog nie, veral aangesien daardie eiland berug was weens die algemene voorkoms van siektes. Veral die hoë voorkoms van malaria (dertien persent van alle Unieverdedigingsmag-lede het dit daar opgedoen), en van geslagsiekte onder die nie-blankes, het die opnamesyfer so hoog opgestoot.

Samevattend kan gekonstateer word dat die opnamesyfer van gemiddeld 2,4 gevalle per duisend troepe per dag inderdaad nie hoog was nie. Die veldtog het in 'n tropiese gebied plaasgevind, en die burgerlike bevolking het talle aansteeklike siektes gedra. Daarby was die troepe wat na Madagaskar gestuur is, nie almal voldoende medies ondersoek voor hulle vertrek nie. Tog was die enkele veldambulans, met 'n Britse veldhospitaal waarop in enkele noodgevalle teruggeval kon word, in staat om 'n hele brigade se mediese behoeftes doeltreffend te hanteer. Tydens operasies is talle klein seksies van die ambulans saam met die gevegskolonnes uitgestuur. Die feit dat daar min gevegsongevalle was, het meegebring dat hierdie seksies hulle take kon uitvoer. Die twee grootste probleme was die onvermoë om doeltreffend teen malaria weerstand te bied, en die feit dat die ambulansmotors nie altyd oor die swak paaie oor die weg kon kom nie.

Tydens 'n Stafkonferensie op 23 Desember 1942, waarop die Hoof van die Generale Staf teenwoordig was, het die Direkteur Generaal Mediese Dienste verslag gedoen oor die mediese aspekte van die Madagaskar veldtog. Na sy mening was die algemene gesondheid van sowel blanke as nie-blanke Suid-Afrikaners uitstekend. Daardie gesonde mediese toestand was grootliks toe te skryf aan die aktiewe samewerking wat aan die mediese dienste gebied is deur die bevelvoerder, offisiere en ander range van die Suid-Afrikaanse brigade.

Volledigheidshalwe wat mediese aspekte van die Madagaskarveldtog aanbetref, dien vermeld te word dat malaria ook sy tol onder die Britse soldate geëis het. Die *29 Brigade* is so erg daardeur geteister dat dit op 18 Oktober as geheel na Durban gestuur is vir 'n genesingstydperk. Die feit dat die brigade daardeur vertraag is voordat dit na Indië kon vertrek, het 'n besliste negatiewe uitwerking op die krygsoperasies daar gehad.

## Madagaskar weer 'n Franse kolonie

In die eerste deel van hierdie artikelreeks is aangetoon dat die doel met die veldtog nie was om met die Franse status van Madagaskar in te meng nie.[2] Na die omverwerping van die gesag van die Vichy-Franse owerhede op die eiland, met goewerneur-generaal Annet se oorgawe op 6 November 1942, sou die eiland dus nie 'n Britse kolonie word nie, maar deel bly van die Franse Ryk. Die enigste verskil was dat 'n Vry Franse regering die Vichy-regering as die wettige regeerder van die kolonie Madagaskar vervang het.

Die oordrag van die gesag in Madagaskar aan die Vry Franse was nie 'n blote formaliteit nie. Dit het inderdaad eers gevolg na 'n krisistydperk in die verhoudinge tussen die Geallieerdes en die Vry Franse leier, generaal Charles de Gaulle.[3] Die Britse Oorlogskabinet het op 5 Mei besluit dat die Vry Franse 'n aandeel in die administrasie van die eiland gegee moes word, maar nie bepaal wanneer dit sou gebeur nie. De Gaulle is ook nie vooraf ingelig oor die landing by Diego Suarez op 5 Mei nie, iets waaroor hy ontstoke was. Hy wou dus aanvanklik nie met die Britte oor Madagaskar onderhandel nie. Eers op 11 Mei het hy 'n onderhoud met die Britse Buitelandse Minister, Anthony Eden, gevoer. Eden het verduidelik dat die Vry Franse nie gevra is om aan die veldtog deel te neem nie omdat die onwenslik sou wees om Franse teen Franse te laat veg. De Gaulle het dit so aanvaar, maar was nietemin nog steeds ontevrede omdat hy nie vooraf ingelig was nie.[4] Eden het homself voorts bereid verklaar om oor die toekomstige administrasie van die eiland te onderhandel. De Gaulle se antwoord was

2. *Militaria* 7/4, p 7.
3. Sir. L. Woodward : *British Foreign Policy in the Second World War,* Volume II (London, 1971), p 326.
4. *Ibid.,* p 328.

dat dit kon wag tot na Geallieerde besetting van die gebied, maar bygevoeg dat generaal P. Legentilhomme, 'n lid van die Franse Nasionale Komitee wat Madagaskar geken het, 'n goeie keuse as administrateur van die gebied sou wees.[5]

Op 13 Mei is daar, met die goedkeuring van De Gaulle, 'n verklaring uitgereik dat die doel van die besetting van Diego Suarez was om die gebruik van die gebied vir die vyand te ontsê, en dat die Britse Regering wou toesien dat die Franse Nasionale Komitee sy regmatige aandeel in die administrasie van die 'bevryde Franse gebied' bekom.[6] Aangesien die Britte gedurende Junie en Julie met die Vichy-Franse op Madagaskar onderhandelinge gevoer het, kon die Vry Franse nie onmiddellik deelname aan die administrasie van die besette gebiede verwerf nie. De Gaulle het dit so aanvaar. Hy was egter seker dat die onderhandelinge met die Vichy-owerheid nie suksesvol sou wees nie.[7]

In Augustus, toe dit duidelik was dat onderhandelinge op Madagaskar nie suksesvol was nie, het Eden aan die Britse Oorlogskabinet 'n memorandum voorgelê waarin hy verklaar het dat die besetting van die hele eiland kon voortgaan. Die Vry Franse is deelname aan die administrasie van die eiland belowe, en dit moes so gou moontlik na die oorgawe van die Vichy-owerhede geïmplementeer word. Die Franse Nasionale Komitee moes 'n paar uur voor die hervatting van operasies daaroor ingelig word.[8]

Na die hervatting van die Madagaskarveldtog op 10 September was daar ernstige geskille tussen De Gaulle en die Geallieerders oor die veldtog in Sirië. Die moontlike Vry Franse deelname aan die uiteindelike administrasie van Madagaskar het gedreig om as gevolg van daardie geskille deur die mat te val. Eers in die helfte van Oktober na 'n skikking in Sirië bereik is, was 'n finale ooreenkoms oor Madagaskar moontlik. Die feit dat die militêre operasies langer geduur het as wat verwag is, was dus polities voordelig.[9]

Die finale ooreenkoms oor Madagaskar is voorafgegaan deur Britse voorstelle oor die uiteindelike administrasie van die eiland. Die eerste voorstel het na die Franse se mening te veel mag in Britse hande gelaat. Hulle sou slegs toestem tot volle soewereiniteit op politieke en administratiewe gebied. Die Britte was skrikkerig vir die moontlikheid van interne verwerping op die eiland van 'n Vry Franse owerheid. Mettertyd het 'n sterk De Gaulle-gesinde geesdrif egter in die besette gebied posgevat. Daarom het Eden onmiddellik na Annet se oorgawe aan De Gaulle voorgestel dat hulle 'n gesamentlike verklaring oor die politieke toekoms van Madagaskar moes uitreik.[10]

Die gevolg van Eden se voorstel was 'n gesamentlike aankondiging op 11 November dat die Britse Regering en die Franse Nasionale Komitee samesprekings oor Madagaskar gehou het en dat laasgenoemde vir generaal Legentilhomme as Hoë Kommissaris van daardie gebied aangestel het.[11] Die Vry Franse oorname het steeds nie dadelik gevolg nie, aangesien De Gaulle gevrees het dat hy nie 'n absoluut vrye hand in die beheer van die eiland sou hê nie. Eers op 14 Desember is 'n finale ooreenkoms deur hom en Eden onderteken. Daarvolgens sou Franse soewereiniteit oor Madagaskar en sy afhanklike gebiede herstel word; sou die hoë kommissaris al die magte wat ingevolge die Franse wet aan die goewerneur-generaal gedelegeer word, oorneem; moes die hoë kommissaris die Franse magte op die eiland so spoedig moontlik reorganiseer; sou 'n Britse generaal vir die verdediging van die eiland verantwoordelik wees tot tyd en wyl bogenoemde reorganisasie afgehandel was, en sou 'n Britse vlootoffisier by Diego Suarez in bevel wees.[12]

Generaal Legentilhomme het eers vroeg in Januarie 1943 Tananarive bereik, waar luitenant-generaal Platt met die nodige seremonie die administratiewe gesag aan hom oorhandig het.[13] Hy moes die administrasie, ekonomie, staatsdiens, handel en militêre struktuur weer in werking stel. Die feit dat meer as twee maande verloop het sedert Annet se oorgawe, was vir hom gunstig. Dit het aan die Franse amptenare, wat voor die Geallieerde veldtog nog in Vichy-diens was, genoeg tyd gebied om sonder verleentheid van lojaliteit te verander.[14] Wat die Franse soldate op die eiland, teen wie die Geallieerde veldtog gevoer is, betref het Legentilhomme spoedig daarin geslaag om ook hulle ten gunste van die Geallieerdes te beïnvloed en hul moreel her op te bou. Binne 'n paar weke het helfte

5. *Ibid.*, p 329.
6. *Ibid.*, p 329 (Voetnoot).
7. *Ibid.*, p 330.
8. *Ibid.*, p 331.
9. *Ibid.*
10. General de Gaulle: *War Memoirs. Unity 1942–1944.* (Translated from the French by Richard Howard. London, 1959), p 40.
11. *Ibid.*, p 60.
12. *Ibid.*, p 61.
13. Supplement to the *London Gazette*, Number 37655, dd 17 July 1946, p 3720 (Despatch dd 31 March 1943 by Lt Gen Sir William Platt on operations of East Africa Command, 12 Jul 41 – 8 Jan 43).
14. Sir L. Woodward: *op. cit.*, p 332.

van sy offisiere, twee-derdes van sy onder-offisiere en al sy troepe juis uit daardie soldate bestaan.[15] Madagaskar was binne 'n jaar na die aanvang van die Geallieerde veldtog 'n lojale Vry Franse gebied.

## Slot

Die Geallieerde veldtog in Madagaskar in 1942 was 'n suksesvolle krygsoperasie. Die potensiële gebruik deur die vyand van die, strategies-gesproke, goed geleë hawens en vliegvelde van die eiland is daardeur verhoed, en daardie hawens en vliegvelde het, as gevolg van die toetrede van Duitse U-bote tot die Mosambiekkanaal, van groot strategiese waarde vir die Geallieerdes geword.[16] Die blanke bevolking van die gebied is binne minder as 'n jaar in ondersteuners van die Geallieerde oorlogspoging omskep. Geen groot gevegte, behalwe dié onmiddellik na die landing by Diego Suarez, het plaasgevind nie, en geen onoorkomelike mediese probleme is, ten spyte van die tropiese klimaat, ondervind nie. Die sukses wat behaal is, was nie deurslaggewend in die uiteindelike ondergang van die Spilmoondhede nie. Dit verteenwoordig egter een van die talle terreine waar die Geallieerdes in 1942 die gety van die vyandelike suksesse tot stilstand gebring het, en was een van die eerste van 'n lang reeks suksesse wat tot die uiteindelike Geallieerde oorwinning gelei het. Dít vorm die belangrikheid van die veldtog in Madagaskar, 'n veldtog waar die Unieverdedigingsmag 'n bepalende bydrae gelewer het.

---

15. General de Gaulle: *op. cit.*, pp 61 – 62.
16. L.C.F. Turner, H.R. Gordon-Cumming and J.E. Betzler: *War in the Southern Oceans*, 1939 – 45 (Cape Town, 1961), p 143.